Nuusbrief vir 15 Maart 2019

Hoërskool Swartland

NUUS

Uit die skoolhoof se kantoor

15 Maart 2019

Ons het aan die einde van 'n baie besige eerste kwartaal gekom. Ek wil graag 'n ieder en elk bedank wat op een of ander manier 'n bydrae gelewer het om al die gebeurlikhede op ons kalender vlot te laat verloop. Ons borge, donateurs, personeel, ouers, leerders en sommer net ondersteuners was almal staatmakers en het as 'n span saamgewerk. Dankie aan almal wat ons leerders ondersteun sodat hulle op akademiese-, en buitemuurse gebied die geleenthede wat hul gebied word, kan aangryp en suksesse kan behaal.
Ek wil aan elke leerder en afrigter wat die komende vakansie aan sport gaan deelneem, baie sterkte toewens. Weereens baie dankie dat ons leerders die geleentheid gebied word om aan hierdie kompetisies deel te neem.
'n Welverdiende vakansie word u elkeen toegewens en ry altyd veilig.

Skoolfonds (1)

14 Maart 2019

Ons het sopas die Februarie bankstate ontvang en is nog nie klaar gerekonsilieer om die Februarie-skoolfondsstate uit te stuur nie. U sal dit spoedig ontvang.
Dit is egter u as ouer se plig om te sorg dat u skoolfonds betalings op datum is. Moenie wag tot u 'n staat van die skool ontvang nie.
Op 05/02/2019 is 'n bedrag ontvang met die beskrywing RR Wine Tech. Indien iemand bewus is van hierdie inbetaling en dit herken, kan u mev Van der Westhuijzen by ons finanskantoor skakel. U kan haar vir enige navrae of verandering in u e-pos adres skakel.

Skoolfonds (2)

14 Maart 2019

In die 2019-kontrolevorm wat u almal ontvang en onderteken het, het u kennis geneem dat 2019-skoolfondsstate wat geen ontvangstes tot 31 Maart 2019 toon nie, sonder verdere kennisgewing vir invordering aan ons prokureurs oorhandig word.
Om hierdie drastiese stap te voorkom, wil ons u versoek om die afgelope kwartaal se 2 maande se paaiemente, naamlik R3 260 of die kwartaallikse paaiement van R4 075 te betaal. Indien u die opsie gekies het om kwartaalliks te betaal, neem asseblief kennis dat dit dan binne die eerste twee weke van elke kwartaal moet geskied. Baie dankie aan almal wat getrou u verpligting nakom om te verseker dat u kind kwaliteit onderrig te Hoërskool Swartland ontvang.

Atletiek prestasies

14 Maart 2019

Die volgende atlete het aan die Wes-Kaapkampioenskappe deelgeneem en het gekwalifiseer om aan die SA's vanaf 22-23 Maart te Port Elizabeth deel te neem:
Cara Bester (5km stap), Selma du Preez (800m), Dezre Goosen (diskus), Inge von Wielligh (diskus), Christiaan Bester (5km stap), Japie du Bruyn (1500m hindernis), Louis de Jager (400m hekkies), Tiaano Walters (10km stap) en Kristin van der Ross (300m hekkies).
Ansuné Smit het 'n silwer medalje in die dogters O/17 spiesgooi behaal, 'n baie goeie prestasie, maar het in afstand nie gekwalifiseer vir die SA's nie.
Baie geluk aan al hierdie atlete met pragtige prestasies!

Aqualibrium- kompetisie

14 Maart 2019

Op Saterdag 9 Maart het 'n paar van ons leerders aan die Aqualibriumkompetisie te UCT deelgeneem. Dis 'n Ingenieurskompetisie wat deur SAICE (South African Institute of Civil Engineers) wat te doen het met waterverspreidingsaanlegte, aangebied word. Uit die 30 spanne het Swartland A 4de en Swartland B 5de gekom. Wel gedaan aan hierdie leerders!

Rugby uitslae

14 Maart 2019

HSS vs DF Malan:
O/19A verloor 14-15; O/19B verloor 12-31; O/19C wen 31-0; O/16A verloor 7-15; O/15A verloor 17-22; O/14A wen 34-5; O/14B verloor 19-39.

Eisteddfod sluitingsdatums

14 Maart 2019

14 Maart: Paarl Vallei inskrywings - musiek en lees - sluit
17 Mei: Paarl Vallei inskrywings sluit (navrae: Mev Hunlun-van Zyl)
10 Julie: Paarl Vallei inskrywings - alle kunswerke en skryfstukke ingelewer by mev Hunlun-van Zyl
18 April: Wes-Boland alle inskrywings sluit (mev B Turner)
6 Maart: Tygerberg - alle inskrywings sluit (mev M Kreuiter)

Nog instansies se opedae

14 Maart 2019

CPUT: 11 Mei
AFDA: 18 Mei

Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

14 Maart 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder.
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

14 Maart 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

14 Maart 2019

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

KALENDER vir 15 Maart 2019 - 22 Maart 2019

15th Maart 2019
Skole sluit 10:30
Rapporte aan ouers

16th Maart 2019
Rugby O/19A Tony Stoops toernooi

19th Maart 2019
Hokkietoernooi Fairmont
1ste seuns en dogters

21st Maart 2019
Menseregtedag

21st Maart 2019
Huis van Zyl potjiekoskompetisie

22nd Maart 2019
Atletiek SA's Port Elizabeth

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Koshuisbeleid en -reëls

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5c86502216bc7336954418.docx

Astro beleid en reëls

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5c864fe98e768330958931.doc

Toelatingsbeleid

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5c864f91cf7a6467267220.docx

Gedragskode

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5c864f3f004a1151524540.docx

Erekleure kriteria

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5c864b030d74c782811718.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.